

# St. Edmund

## 20 November

(841-869)

Op 14-jarige leeftyd word hy verkies tot koning van die Oos-Angele in Suffolk in die destydse Engeland. Hy was 'n diepgelowige en regverdige heerser wat sy koninkryk in 'n ware Christelike modelstaat omskep het. In 869 val die heidense Deense-Vikinge sy gebied binne op een van hul sporadiese plundertogte. Hy weier die verdrag wat hulle hom aanbied omdat dit tot die uitbuiting van sy volk sou lei. Daarop val hulle hom aan en by Hoxne word hy gevange geneem en gruwelik gemartel. Uiteindelik is hy aan 'n boom vasgebind en met pyle geskiet en toe onthoof. Tydens die foltering was hy die heeltyd besig om te bid en Jesus aan te roep. Sy graf word weldra 'n pelgrimsoord en die stadjie Bury St. Edmunds verrys daar rondom.

© Die Oratorium Uitgewery